

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

*'n Dubbele eed bevestig  
die groot vreugde van die toekoms*

**Skriflesing:** Daniël 12  
**Teksvers:** Daniël 12:1-7

**Sing:**  
Ps 147:1,2  
Sb 9-3:1,2  
Ps 96:1,6,8  
Sb 7-2:1, 2 1  
Ps 68:1, 9  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Nicolene Wattel  
**Klank:** Andre Beumer  
**Prediker:** Ds Paul vd Berg

'n Tyd gaan nog aanbreek waar die gelowiges gesuiwer, gereinig en gelouter sal word. Die goddeloses sal egter goddeloos bly en hulle sal nie wil hoor of verstaan watter verskriklike tyd vir hulle nog sal aanbreek nie. Daarteenoor sal die Heilige Gees die verstand en hart van die gelowiges verhelder om te verstaan en moed te hou.

Na hierdie tyd van ongekende benoudheid, swaarkry en vervolgung net voor die koms van Jesus Christus, sal elkeen wie se naam in die boek van die lewe opgeskrywe staan, groot vreugde beleef.

Doories sal uit die dood opstaan. Sommige sal uit die dood opstaan tot die ewige lewe en sommige sal uit die dood opstaan tot groot smaadheid, iets wat vir ewig afgrylik sal wees.

**SONDAGAAND 18:00**

*Hoekom vergelyk God ons met sout en lig?*

Daar is verskeie Afrikaanse idioome oor sout en lig.

**Skriflesing:** Mat 5:13-16;  
Mark 9:50; Luk 14:34,35

**Teksvers:** Mat 5:13-14a

**Sing:**  
Ps 97-1:7  
Ps 36-1:3  
Lied 190:1,2,3  
Sb 13-2

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Bertus Lourens  
**Klank:** Charl vd Bergh  
**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

En tog staan daar in ons teksvers:

- “Julle is die sout vir die aarde.”
- “Julle is die lig vir die wêreld.”

- Is jy jou sout werd?
- Het jy jou sout verdien?
- Ek neem dit met 'n knippie sout!
- Om 'n sak sout saam op te eet!
- Daar brand 'n lig in die wapad!
- Elke donker wolk het 'n silwer randjie!
- Groot lantern, weinig lig!

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 43 Nr 10 18 Maart 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## Kom ons groet mekaar

Dit is opmerklik dat jong mense mekaar maklik 'n “hallo” en “totsiens” drukkie sal gee as hulle mekaar groet.

Mense het egter ook begin sku raak om mekaar te soengroet en 'n drukkie te gee, want daar is altyd die gevaar dat iemand ander motiewe het as bloot 'n opregte groet. Dit is ook so dat sommige mense drukkie-mense is en ander weer glad nie. Dit is egter nie belangrik oor die manier van groet nie, maar wel dat ons mekaar sal groet. Dit kan in ons gemeente gebeur dat gelowiges in die kerk inkom en uitgaan sonder om hulle medegelowiges behoorlik te groet en in die oë te kyk.

In Romeine 16:16 moedig Paulus, onder leiding van die Heilige Gees, die gelowiges aan om mekaar te soengroet. In die 1983 Afrikaanse vertaling word die woord “groet” tien keer gebruik en word daar na ten minste 25 name verwys wat gegroet moet word. Elkeen wat aan Jesus Christus behoort, word vanuit Romeine 16:16 gevra of daar nog werklik 'n blydskap en 'n omgee vir mekaar is as ons mekaar by die kerk sou groet of totsiens sê?

Die gemeente van Rome kry 'n opdrag om mekaar te groet! Hoekom beklemtoon Paulus dit so sterk dat broers en susters moet groet? In daardie tyd het 'n groet beteken dat so 'n persoon aanvaar word as deel van die geloofsgemeenskap en dat daar 'n voorneme en onderneming is om met so 'n gelowige kontak te wil maak en te wil behou.

Deur te groet, word daar gesê dat daar 'n verhouding of 'n band is tussen die gelowiges wat in Jesus Christus een is. Om iemand te groet, het beteken dat daardie persoon welkom geheet word, dat hy of sy aanvaar en geëer word. Groet was dus 'n teken van gemeenskapsoefening (dink aan ons tema vanjaar: “*Ons gee om*”). Paulus se finale oproep aan die gemeente in Rome was om werklik mekaar se broer en suster in Christus te wees en dit sigbaar te maak deur mekaar opreg te groet.

Die gelowiges se eenheid in Jesus Christus, is die grond of basis waarop Paulus se oproep om mekaar te groet, gebou is. Die feit dat gelowiges, elkeen afsonderlik – maar daarmee ook almal saam – deel het aan Jesus Christus en sy verlossingswerk, is die diepste grond vir die Christelike groet.

Mag die Heilige Gees gee dat ons, ons eenheidsband in Jesus Christus sal bly sigbaar maak deur mekaar telkens in die oë te kyk en opreg te groet in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Ds Paul

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

**Lidmate se kontakbesonderhede:** Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: [admin@gkcenturion.co.za](mailto:admin@gkcenturion.co.za)



**KOLLEKTES** Gooi asb al u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas



Kollektes sal nog steeds in banke/ deure opgeneem word vir diene wat nie Zapper gebruik nie



**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Sarel van Wyk

Alethea : Cassie vd Walt

Diaken: Petra Swanepoel

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Les 1-6; Sb 10-2:1

Volgende week: Les 7; Sb 10-2:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 417



## VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

### BELYDENDE LIDMATE

18 Mrt	Marisha Cronje	B06	660 2659
	Maryke Mulder	C12	082 731 8381
	Inge Pelser	B05	688 3082
19 Mrt	Casper Cassidy	B13	082 413 0372
	Magriet Erasmus	B12	654 9108
	Sumei v Antwerpen	A08	662 2519
20 Mrt	Cobus Buys	B09	660 1483
	Ida Reinecke	B04	084 580 3456
	Suanne vd Walt	C15	084 904 5502
21 Mrt	Loutjie Malherbe	B05	072 822 9223
22 Mrt	Marietjie Kniep	B07	664-5246
	Johan Kotze	C05	083 993 3846
	Johan Kruger	B01	082 386 8986
	Christo Snyman	A04	347 0401
23 Mrt	Coenie de Beer	B12	084 880 8816
24 Mrt	Martie de Jonge	A14	082 477 2126
	Henk Sweers	A05	083 601 1253



### DOOPLIDMATE

19 Mrt	Marco Els	B01	654 1653
20 Mrt	Zoe du Preez	B06	083 577 6205
	Devan du Toit	C10	072 174 5390
	Stephan Venter	C13	082 653 8353
23 Mrt	Abraham le Roux	C04	664 5222
24 Mrt	JC vd Bijl	C04	083 291 6855



### WOLHOEKIE

**Kreatief, Brei, Hekel, Wol, Weef, Loom.....**as jy enige van hierdie woorde herken MOET jy verder lees!

Ons benodig serpe, musse, kniekombers en nog vele meer vir liefdadigheid – speel met kleure en patrone.

Het jy wol, breinaalde, hekelnaalde of looms wat jy kan skenk? Bring dit na die Wolhoekie...

“Kietsie” (Phia Lombard – 083 454 9358)



### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

#### 18 Maart

C09 Marique le Roux  
C10 Minette de Beer  
C12 Christi Venter  
C15 Susters van wyk

#### 25 Maart

B06 Liesje Kuperus  
A15 Amanda Brink  
C13 Elsa du Toit  
C14 Annemarie van Wyk



**Susters-** Ons wil julle vriendelik herinner aan die houtbussie, gemerk SUSTERS, wat voor in die kerk by die pilaar naaste aan die hoofingang is. Julle kan enige geldelike bydrae in 'n koewert daarin plaas. As julle verkies, is 'n EFT in die susters se bankrekening ook welkom. Let net op dat die susters hulle eie bankrekening het, naamlik **ABSA tjekrekeningnr. 600340417.**

Baie dankie aan almal wat gereeld maandelikse of eenmalige donasies gee. Ons waardeer al die bydraes.

## Eljada Huis

Die skoolvakansie is minder as 'n maand weg en ons probeer genoeg kos insamel vir die vakansie.

Ons benodig die volgende items asseblief: koffie, rooi en swart tee, weetbix, hawermout, aanmaak koeldrank (drink'o'pops), langlewe-melk, margarien, grondbontjebotter, bovril, konfynt, eiers, macaroni, spaghetti, blikkies gemengde groente, blikkies chakalaka, tamatie en uie blikkies, kookolie, sout, mariebeskuijties, jellie, waslappie, badseep, sanitêre doekies, aanrol en deodorant vir mans en vroue, tandepasta, skeermesse, sjampoe en waspoeier.

Petra 082 9277324 / Pierre 082 688 7495/

Eljada Huis 072 855 8289

**Martin's** Begrafnisdienste Centurion. Ge-moedsrus tydens 'n moeilike tyd. Begrafnisse, verrassings, begrafnispolisie en repatriasies. Kontak 0126602028/24H: 0823004292. Adres: Lytteltonweg 65, Centurion .

**Kombuise- en Gasinstallasies-** Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W van der Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 084 444 5443; meryke@mery-d.co.za.

**Pensionaris bederf julsself-** Pedikuur: R90 Behandel eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur hakke asook 'n ligte voet massering. Knip en verf naels. Manikuur: R90 Versorg (cuticles) knip en verf naels. Salon is by Lavie Aftree Oord. Ansie Kruger 0720631062

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (012664-0685) [centurionflorist@discoverymail.co.za](mailto:centurionflorist@discoverymail.co.za).

**Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading**, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besighede, studente en leerlinge almal welkom.

**WOONSTEL TE HUUR:** Sandown Sandton. The Augustus nr 104, Lindenroad 151. R10,600 pm. Twee slaapkamers, 1 badkamer, ruim balkon. Front Noord. Kontak Estelle 0824631559.

## Kleingroep Ope-braai - 25 Maart

- Almal word uitgenooi na die **bring-en-braai**
- Begin na afloop van oggend erediens by Jeughuis
- Bring eie slaai - 1 per groep
- Bring eie stoele en eetgerei

RSVP Riaan van Schalkwyk 072 436 4763  
of Kleingroepleiers



### EVK Julie-Uitreik

Kom saam op die uitreik tydens die Julie skoolvakansie!

Ons beplan om Botshelo Trust in Botswana te besoek en vir die wat lus is vir ekstra avontuur, kan saamry na Covenant College in Zambië (Petauke). Daar is vele projekte waaraan aandag gegee gaan word, van breek en bou en opslaan en afhaal tot klas gee en kosmaak en vaardighede leer. Wees deel van hierdie uitreik en word self verryk.

Eddy Niezen: 083 455 2760  
Anél van der Walt: 082 567 3643

Ons is slegs die  
instrumente  
van 'n Hoër Hand.  
Hy het jou hande  
nodig om Sy  
werk uit te voer.



## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- ◆ Christo Crafford ontvang behandeling in Pta-Oos hospitaal (C11—083 776 2405).
- ◆ Thinus Nel sterk nog aan in Unitas hospitaal na sy heupoperasie (C1—664 1067).
- ◆ Koos Pretorius sterk tuis aan na 'n angiogram-operasie (B16—654 1624).
- ◆ Attie Pretorius het 'n knievervangingsoperasie in ZA hospitaal ondergaan (B21—082 444 3740)
- ◆ Dit gaan nie goed met Lidia Coetzer se gesondheid nie, sy is tans in ZA hospitaal (B15—654 6210).
- ◆ Bauke Dijkstra het 'n beentjie in sy voet vergruis en sterk tuis aan (A2—664 4508).
- ◆ Ella White het 'n draai in die hospitaal gemaak (A11—643 0111).
- ◆ Gerrie Smit sterk aan in Unitas hospitaal na 'n hartaanval (C3—082 316 5968).
- ◆ Meelewing word betuig met:
  - ◇ Mariana Pelsler na die afsterwe van haar suster gedurende die week.
  - ◇ Johan en Rika Raubenheimer na die afsterwe van Rika se suster gedurende die week.

*Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra*

## Geluk

Ds Gerrit Kruger was op 11 Maart al 30 jaar in die bediening.

**Met die geboorte:**

Dion en Marique le Roux met die geboorte van Shiloh op 7 Maart 2018.

## Vergaderings/Aksies

- 19 Maart—Bedieningskommissie 18:00.



## Alle Laerskoolkinders

23 Maart 18:00-21:00



worsbroodjies vir die kinders, ouers kom bring en braai!

Kontak Christi 082 940 1555

**speletjiesand by die kerk- bring jou ouers!!**